

Maandag 8 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 2:1-7

God skep uit die geestelike dood sy kerk om te lewe

God werk met dieselfde krag in ons lewe as waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het. Omdat ons heeltemal dood was, skep God ons heeltemal nuut, maak ons lewend en gee ons 'n plek saam met Christus in die hemel. Ons was dood, want ons het as gevolg van ons sonde heeltemal ons lewensdoel gemis. Ons was bedoel om God te eer, maar ons het Hom net oneer aangedoen. Ons het ons deur die duiwel laat lei en is deur ons sondige begeertes oorheers, want ons het die teenoorgestelde gedoen as wat die Here wou hê. Ons sou ewig gestraf moes word en sonder God en sonder liefde en sonder hoop moes lewe.

Alles verander omdat God is Wie Hy is. God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. God buig Hom in liefde na vuil sondaars neer en red ons net omdat Hy ons onbe-skryflik liefhet. Hy het ons saam met Christus lewend gemaak. Christus moes in die dood ingaan en Hy sterf die ewige dood van Godverlatenheid.

Met sy goddelike krag trek Hy ons saam met Hom uit die dood. Ons is lewend gemaak, ons is uit genade gered en het saam met Christus 'n plek in die hemel. Ons is in beginsel reeds daar, maar God stuur ons met 'n taak in die wêreld om sy beeld uit te dra en van sy groot genade en krag te vertel. So eer ons Hom!

Sing: Psalm 116:1, 5, 10 (1936)

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)